



Tacitus se *Historiae* I, 1–50: Enkele narratiewe aspekte

Marianne Dircksen

To cite this article: Marianne Dircksen (1993) Tacitus se *Historiae* I, 1–50: Enkele narratiewe aspekte, *Journal of Literary Studies*, 9:3-4, 384-395, DOI: [10.1080/02564719308530056](https://doi.org/10.1080/02564719308530056)

To link to this article: <https://doi.org/10.1080/02564719308530056>



Published online: 06 Jul 2007.



Submit your article to this journal [↗](#)



Article views: 6



View related articles [↗](#)

Tacitus se *Historiae* I, 1–50: Enkele narratiewe aspekte

Marianne Dirksen

Opsomming

In hierdie artikel word aangevoer dat die narratologie, ondanks die skeptisisme van sommige tradisionele filoloë, wel 'n effektiewe metode bied wat kan lei tot 'n vars interpretasie van die Griekse en Romeinse historiografie. Die relevante narratologiese begrippe word omskryf en die teoretiese raamwerk kortliks uiteengesit. Die analise van Tacitus se *Historiae* Boek I, hoofstukke 1–50, dien ter illustrasie. Die analise word onderneem aan die hand van slegs twee tekstuele aspekte, naamlik tyd en karakterisering. Die vertolking van die resultate wat die narratologiese beskrywing oplewer, toon duidelik dat die skoling wat Tacitus in die retoriek ontvang het, 'n dimensie aan sy werk verleen het, wat nie uit ander bronne volledig kontroleerbaar is nie. Die teks vereis van die leser die konstruksie van die “ongeskrewe” teks. Die narratologiese lees van die teks bring nuwe waardering vir die *Historiae* as 'n werk met ware literêre meriete.

Summary

In this article it is maintained that, despite the scepticism of some traditional philologists, narratology does provide an effective method which can lead to a fresh interpretation of Greek and Roman historiography. The relevant narratological concepts are defined, and the theoretical framework is briefly explained. The analysis of Tacitus' *Historiae* Book I, chapters 1–50, provides a practical illustration. Only two textual aspects, namely time and characterisation, are discussed in the analysis. The interpretation of the results of the narratological description shows clearly that, because of Tacitus' rhetorical training, there is a dimension to his work which cannot be fully verified from other sources. The text demands from the reader the construction of the “unwritten” text. The narratological reading brings new appreciation for the *Historiae* as a work with real literary merit.

Antieke tekste en moderne apparaat.

In die laaste vyf tot tien jaar is 'n nuwe wending in die literêre analise van antieke tekste te bespeur. Klassici het begin munt slaan uit vooruitgang wat in ander dissiplines gemaak is en uitsprake soos die volgende het hul verskyning in vaktydskrifte begin maak:

Graduate students in classics need an understanding of twentieth-century literary theory. Quite apart from the insights it may bring to their research, when they go out to teach in colleges and universities they will need to communicate with colleagues and students who are already familiar with it, and without some understanding of its aims, methods, and terminology they will seem, and perhaps be, naive.

(Kennedy 1989: 492)

'n Aantal studies oor die werk van klassieke outeurs, gebaseer op moderne literêre teorie het ook reeds verskyn.¹ Klassici geskool in tradisionele filologie is egter nog lank nie almal oortuig dat hierdie “new-fangled ideas” (Conradie 1988: 49) beter insigte in die teks sal meebring nie.² Met hierdie analise wil ek aantoon dat die narratologie wel 'n effektiewe metode bied wat kan lei tot 'n vars interpretasie van die Griekse en Romeinse historiografie.

Die narratologie bied 'n model waarmee die leser alle verhalende tekste kan bestudeer. Binne die teoretiese raamwerk word die narratiewe of verhalende aspekte van 'n teks herken en beskryf. Die korpus van narratiewe tekste waarvoor die teorie sou geld, word deur Bal (1985: 12-19) begrens en sluit tekste so uiteenlopend soos verslaggewing, films, strokiesprente en romans in. Geskiedskrywing is by uitstek narratief en val ongetwyfeld binne hierdie korpus.

Geskiedenis versus fiksie.

Dit is bepaald so dat geskiedenis 'n narratiewe diskoers is met ander reëls as dié wat vir fiksie geld. Die gebeure word nie in en deur die teks gerealiseer nie, maar staan in 'n bepaalde verhouding tot die werklikheid. Die werke van klassieke geskiedskrywers is dus nie "fiksie" in bogenoemde sin van die woord nie, maar vertoon tog 'n sekere "fiksionaliteit" (Brink 1987: 37) omdat 'n "ongekleurde weergawe van feite principiëel onmogelijk" is (Bal 1985: 17) en die grondige opleiding wat geskiedskrywers soos Thukidides, Sallustius, Livius en Tacitus in die retoriek ontvang het, 'n dimensie aan hul werk verleen wat nie uit die werklikheid volledig kontroleerbaar is nie. Woodman (1988: ix-xii) voer selfs aan dat historiografie in antieke tye as vertakking van die retoriek beskou is. Percy Lubbock het die term "fiksie" soos volg omskryf:

The art of fiction does not begin until the novelist thinks of his story as a matter to be shown, to be so exhibited that it will tell itself.

(Lubbock 1963: 62)

Antieke geskiedskrywing vertoon dus 'n ooreenkoms met fiksie in dié belangrike opsig dat dit nie slegs 'n afkaatsing van die werklikheid is nie, nie slegs "telling" nie, maar ook "showing". In 'n narratologiese ondersoek van hierdie outeurs se werk kan dus nie volstaan word met 'n blote herkenning en beskrywing van narratiewe aspekte nie. Die gegewens wat die analise oplewer moet ook geïnterpreteer word. Dit impliseer dat die leser 'n aktiewe rol te vervul het terwyl hy die teks lees. Die geskrewe teks beskik oor 'n dimensie wat van die leser die konstruksie van die "ongeskrewe" teks vereis. Dikwels word die leser ook met die lees van die teks daartoe gebring om sy vorige konsepsies te verander. Die teks word nie beskou as 'n outonome objek nie, maar eerder as 'n sisteem van strukture wat 'n uitnodiging rig tot 'n rekonstruksie van daardie strukture.

Die leser is in staat om sin uit 'n teks te maak, omdat hy 'n verwysings-raamwerk het. Daar word gepraat van "models of coherence" (Culler 1975: 159 soos aangehaal deur Rimmon-Kenan 1983: 123) wat na die werklikheid kan verwys of na literêre of kulturele konvensies. In die geval van antieke historiografie is dit veral belangrik om nie die teks in isolasie te beskou nie. Hoe beter die leser se klassieke skoling, hoe beter sal sy leserstoerusting wees. Veral literêre konvensies is hier van belang. Konvensies van die genre van historiografie vestig 'n ooreenkoms tussen die teks en die leser. Die genreskep 'n sekere verwagting by die leser, en elemente wat vreemd lyk in 'n

ander konteks word verstaanbaar binne die genre. Die *praefatio* van die *Historiae* moet byvoorbeeld gelees word teen die agtergrond van die *praefatio* van Sallustius, Thukidides of Livius. Ook die retoriese skoling van die outeur en die teksstrategieë wat die retorika tot sy beskikking stel, is hier ter sprake.

In hierdie analise wil ek aantoon hoe 'n narratologiese benadering kan lei tot 'n meer gerigte en bewuste lees van die eerste vyftig hoofstukke van Tacitus se *Historiae*.

Slegs twee aspekte van 'n verhalende teks, naamlik tyd en karakterisering, word in hierdie analise ondersoek aan die hand van voorbeelde uit Tacitus se *Historiae* Boek I, hoofstukke 1–50, maar ek verskaf ook 'n kort omskrywing van die ander teoretiese begrippe wat in 'n meer volledige analise ter sprake sal kom.

Werkwyse

Die grootste beswaar wat tradisionele klassieke filoloë teen die moderne literêre teorieë opper, is dat die magdom nuwe terme, komplekse skemas en formules verwarrend eerder as verhelderend is. As die teoretiese raamwerk nie gebruikersvriendelik is nie, word dit soos Peleus se spies, "only the hero to whom it belongs can wield it in battle" (Segal 1968: 19). Shlomith Rimmon-Kenan se *Narrative Fiction* (1983) voorsien in hierdie behoefte aan eenvoud en praktiese nut, alhoewel daar moontlik weens oorvereenvoudiging leemtes in die gids mag voorkom. Hierdie analise is gebaseer op die teoretiese raamwerk en terminologie soos uiteengesit deur Rimmon-Kenan (1983).

Die narratiewe teks word op drie vlakke ondersoek: die gebeure, hul verbale voorstelling in die teks en die vertelhandeling. Ek verwys na hierdie drie vlakke as *storie*, *teks* en *vertelling*.

Die *storie* kan omskryf word as 'n reeks gebeurtenisse in hul chronologiese volgorde wat deur aktEURS veroorsaak of ondergaan word. Op die storievlak is die gebeure geabstraheer van taal, styl en medium.

Die *teks* is die artistieke voorstelling of weergawe van die storiegebeure, met ander woorde, dit wat ons lees. Hierdeur verkry die leser toegang tot die verhaalwêreld. Daarin sal die gebeure in 'n nuwe volgorde verskyn, omdat 'n proses van seleksie en ordening van die gebeure plaasgevind het.

Die *vertelling* is die proses van produksie. Hier gaan dit oor die verskillende vertelinstansies.

Die drie vlakke van die verhaal word slegs vir beskrywingsdoeleindes geskei, en word in die uiteindelijke interpretasie as geheel en al interafhanklik beskou. Drie aspekte, naamlik *tyd*, *karakterisering* en *fokalisering*, gee deur middel van die *vertelling* dimensie aan die *storie* binne die *teks*. (Rimmon-Kenan onderskei nie *ruimte* as afsonderlike narratiewe aspek nie.) 'n Narratologiese analise is gebaseer op die hipotese dat die *storie* isoleerbaar is. Dit is insiggewend dat die Duitse klassikus, Heubner, wat die eerste boek van die *Historiae* in 1935 ondersoek het, 'n behoefte aan juis so 'n chronologiese verslag van die gebeure ondervind het. Hy illustreer Tacitus se literêre vernuf deur Tacitus se weergawe van die gebeure te vergelyk met dié van die biograaf, Plutarchus. Heubner baseer sy vergelykende studie op drie aan-

names. In die eerste plek gaan hy van die veronderstelling uit dat Tacitus en Plutarchus 'n gemeenskaplike bron gebruik het. Hy aanvaar verder ook dat Plutarchus in sy weergawe baie na aan die gemeenskaplike bron gebly het, en dat hierdie bron die gebeure in 'n streng chronologiese volgorde weergegee het. Sy metode laat hom in die steek wanneer die twee outeurs se weergawes van die omstandighede rondom die dood van keiser Galba te veel verskil, en Heubner moet erken:

...die Quelle zu rekonstruieren und aus dem Vergleich mit Tacitus dessen Eigenart auch hier zu erfassen, kommt man zu keinem befriedigenden Schluß.
(Heubner 1935: 13)

'n Storieparafrase kan opgestel word deur aan die gebeure etikette toe te ken of deur elkeen met 'n kort sin te parafraseer. Die gebeure word chronologies voorgestel. Vervolgens word die *teks* bespreek in verhouding tot die *storie* aan die een kant en die *vertelling* aan die ander kant. Van die drie tekstuele aspekte, *tyd*, *karakterisering* en *fokalisering*, word *tyd* en *karakterisering* ondersoek in verhouding tot die *storie*: *tyd* as die tekstuele ordening van die gebeurekomponent van die *storie*, en *karakterisering* as die voorstelling in die teks van die karakterkomponent van die *storie*. Die derde aspek, *fokalisering*, is die gesigshoek waardeur die *storie* in die *teks* gefiltreer word en verbaal deur die verteller geformuleer word. Hierdie aspek word bestudeer in verhouding tot die *vertelling*.

Teks: tyd

Die verhoudings tussen storietyd en tekstyd word onder die volgende hoofde ondersoek: volgorde, duur en frekwensie. By *volgorde* word die verhoudings tussen opeenvolgende gebeure in die *storie* en hul lineêre posisie in die *teks* ondersoek. Die diskrepansie tussen storie- en teksvolgorde kan die volgende vorms aanneem: die terugflits of analepsis, aan die een kant en antisipatie of prolepsis aan die ander kant. Die analepsis vul gapings in, verduidelik die oorsake of gee die motivering, terwyl die soort spanning wat ontstaan wentel om die vraag, "Hoe het dit gebeur?" in teenstelling met die "Hoe sal dit gebeur?" van die prolepsis. Die *storiegebeure* in die betrokke teks, kan soos volg opgesom word:

68

9 Junie	Nero vermoor Galba aanvaar die titel Caesar Vertrek na Rome Nymphidius sweep praetoriërs op teen Galba Sy mislukking en dood
Oktober	Galba gaan Rome binne Dood van Clodius Macer en Fonteius Capito
Desember	Vitellius gestuur om Capito in Onder-Germanië op te volg

69

- 1 Januarie Legioene van Bo-Germanië kom in opstand
- 2 Januarie Vitellius in Onder-Germanië erken
- 3 Januarie Vitellius in Bo-Germanië erken
- 10 Januarie Galba kondig adopsie van Piso aan
Otho sweep soldate op
- 15 Januarie Moord op Galba, Piso en Vinius

Teksgebeure: (Hoofstuk 1–20):

Geskiedskrywing	1	
Aard van periode	2,3	Praefatio
Klimaat in stad	4	
Stadsoldate en andere	5–7	Algemene toestand
Provinsiale troepe	8–11	van Ryk
Galba besluit om opvolger te adopteer	(12)	
Ander se menings	(13)	
Piso word gekies	(14)	
Galba se toespraak	(15,16)	Galba se politieke maatreëls
Piso se houding	(17)	
Aankondiging van adopsie	(18)	
Gesante na Germaanse troepe	(19)	
Finansiële en militêre maatreëls	(20)	

Getrou aan die annalistiese tradisie kondig Tacitus die beginpunt van die *Historiae* aan as die konsulskap van Galba en Vinius wat op 1 Januarie van die jaar 69 nC 'n aanvang geneem het.³ Daarna vergelyk hy homself met ander geskiedskrywers en maak aanspraak op absolute onpartydigheid.

In hoofstukke 2 en 3, tref ons 'n mooi voorbeeld van prolepsis aan. Tacitus gee 'n vooruitskouing van die tydperk wat hy gaan beskryf. Dit was 'n tydperk ryk aan katastrofes. Vier keisers is met die swaard omgebring, drie burgeroorloë is gevoer, Italië is deur rampe geteister en in Rome het korrupsie hoogty gevier. Die *delatores* het gesorg dat hoë geboorte, geld, die bekleding of weiering van ere-ampte en onkreukbaarheid tot seker ondergang lei.

Wat is die effek van hierdie vooruitskouing? Die leser se gesindheid en ingesteldheid teenoor die verhaal van Galba se keiserskap word gerig. Alles wat volg sal deur die donker bril wat Tacitus hier reeds vir die leser opgesit het, gesien word. Die aanvanklike indrukke van dreigende onheil sal gedurig verder versterk word.

Die volgende 8 hoofstukke lewer weer 'n goeie voorbeeld van analepsis. Hierdie terugskouing neem die vorm van 'n *digressio* aan, met die begin en die einde skerp gedefinieer. Hoofstuk 11 neem dan weer 'n aanvang met die gebeure van 1 Januarie 69 nC, die begin van die konsulskap van Galba en Vinius. Van hoofstukke 4 tot 11 word die toestand in Rome, onder die leërs

en in die provinsies, die redes vir ontevredenheid en die elemente van mag verduidelik. Die verskillende stande se houding teenoor die regering en die *princeps* word beskryf, met besondere aandag aan die praetoriese wag en die verskillende militêre eenhede wat in die stad gestasioneer was, en dan word 'n kaleidoskopiese blik oor die provinsies van die weste tot die ooste gebied. Al die feite wat hier genoem word was direkte of indirekte oorsake van die krisis wat sou volg, of het 'n invloed op die gebeure uitgeoefen. Die doel van die analepsis is juis om die oorsake te verduidelik, soos Tacitus self konstateer: “repetundum videtur. . . ut non modo casus eventusque rerum, qui plerumque fortuiti sunt, sed ratio etiam causaeque noscantur”. (Dit lyk reg dat ek moet terugvors. . . sodat nie alleen die gebeure en die afloop van sake, wat veelal toevallig is, bekend mag wees nie, maar ook die rede en oorsake – *Hist. I, iv*). Syme (1958: 147) sê van hierdie oorsig van provinsies en leërs: “It appears to lack precedent or parallel in ancient historiography.” Wat is die effek van hierdie analepsis? Uit die noulettende aandag aan oorsake en redes vir gebeure, eerder as aan gebeure self, moet afgelei word dat die verteller hier die klem, die fokus, wil laat val op die bronne van mag. Die ware setel van mag in die ryk word deur die teksvolgorde onder die leser se aandag gebring.

Duur het te doen met die verhouding tussen duur in die storie (gemeet in minute, ure, dae) en die lengte van die teks wat daaraan gewy is (reëls en bladsye). 'n Konstante pas in die narratief sal beteken dat die ratio tussen storieduur en tekstuele lengte onveranderd bly. As die verloop van een dag byvoorbeeld konstant deur een bladsy weergegee word, word 'n konstante pas bewerkstellig. Versnelling word bewerkstellig deur in 'n kort segment van die teks 'n lang periode van die storie weer te gee. Die teenoorgestelde het weer vertraging tot gevolg. Maksimum spoed is ellipsis. Minimum spoed is 'n beskrywende pouse.

'n Voorbeeld van vertraging tref ons aan wanneer Tacitus die adopsie van Piso beskryf. Hoofstukke 12 tot 19 handel hieroor, en met Galba se boodskap in die direkte rede in hoofstukke 15 en 16 bereik die teks die pas van 'n toneel. Benewens die dramatiese effek van die toneel bou so 'n vertraging spanning op. Die leser wil weet of Piso bly of ongelukkig was oor Galba se voorneme om hom aan te neem. Gaan die adopsie in sy doel slaag? Sal die soldate gekalmeer word? Wanneer inligting weerhou word wanneer dit verwag word, word die “ten volle begryp” van die teks uitgestel. Die voortbestaan van die teks is hiervan afhanklik. Die direktheid van die toneel verleen natuurlik ook oortuigingskrag.

'n Enkele voorbeeld van versnelling: Tacitus noem die verraad van Nymphydus Sabinus in hoofstuk 5 om die gevaarlike gesindheid van die stadsoldate te verduidelik. Slegs vyf reëls word daaraan afgestaan, terwyl Plutarchus twee hoofstukke daaraan wy. Vir Tacitus was die historiese gebeurtenis nie van belang nie, dit was maar net een van vele aanduidings van die onsekere en bedreigde posisie van Galba. Die snelle opeenvolging van die vele faktore wat tot Galba se val bygedra het, bou spanning op. Hierdie effek sou verlore gegaan het indien daar 'n lang relaas oor die opstand was.

Frekwensie behels die vergelyking van die aantal kere wat 'n gebeurtenis in die storie plaasvind en die aantal kere wat dit in die teks verhaal word. Galba se weiering om die donatief aan die soldate uit te betaal is 'n goeie voorbeeld. Hierdie insident word verskeie kere in die teks aangetref. Dit word die eerste maal in hoofstuk 5 vermeld om die soldate in die stad se ontevredenheid te verduidelik. In hierdie stadium, dit wil sê nog voor Galba se intog in die stad, kon die soldate nog nie geweet het dat hy nie van plan was om die donatief te betaal nie. Die insident is uit sy chronologiese posisie gehaal en hier geplaas as een van die redes vir die gespanne atmosfeer onder die soldate met Galba se troonbestyging. Tacitus het die geskiedenis effens verdraai, maar het die insident funksioneel aangewend om die vyandigheid van die soldate te motiveer. As Galba die adopsie van Piso afkondig (hoofstuk 18) is die soldate nukkerig omdat hy nog nie die donatief gegee het nie. In hoofstuk 25 volg die derde vermelding van dieselfde feit. Otho se trawante buit Galba se suinigheid uit as hulle die soldate tot 'n sameswering probeer opswEEP. Die vierde verwysing hierna kom voor in Otho se toespraak nadat hy tot keiser uitgeroep is (hoofstuk 37) en hy die rebellie wil regverdig. In hoofstuk 40 lees ons dat Galba se vyande berig het dat hy voor sy dood om genade gepleit het, sodat hy tyd kon hê om die soldategeskenk uit te betaal.

Hierdie enkele gebeurtenis kry dus besondere prominensie. Tacitus het dit met vernuf aangewend om die leser steeds bewus te hou van die dreigende onheil wat verskuil lê in die soldate se ontevredenheid. Dit dien ook as retoriese argument in 'n toespraak en om die karakter van Galba uit te beeld.

Daar is 'n verdere belangrike afleiding te maak uit die konteks waarin die insident voorkom. Galba se weiering om die soldategeskenk te oorhandig word telkens in verband gebring met die drie mees kritieke momente in sy regeringstyd, naamlik sy troonbestyging, die adopsie van Piso en die rebellie. Wanneer die storie 'n wending in 'n positiewe of negatiewe rigting kan neem, gee die soldate se gesindheid die deurslag. Die leser moet hieruit aflei dat versuim om die soldate se guns te wen die eintlike rede vir Galba se ondergang was. Die werklike bron van mag het in die kamp van die soldate gelê. Dit is ironies dat wanneer Galba, met sy outydse, militaristiese strengheid hierdie waarheid eindelik insien, dit reeds te laat is.

Karakterisering

Die leser versamel al die karakteraanwysings wat deur die teks heen versprei is. Uit 'n verskeidenheid aspekte kom 'n algemene karaktereienskap voor, en dit is die etiket wat die leser dan op die storievlak aan so 'n akteur kan toeken. Die verskillende trekke kombineer om die karakter te vorm.

Hierdie tekstuele aanwysers kan verdeel word in *direkte definisie* en *indirekte voorstelling*. By eersgenoemde word die karaktertrek byvoorbeeld genoem deur 'n byvoeglike naamwoord, 'n abstrakte selfstandige naamwoord of 'n ander selfstandige naamwoord. Dit geld egter slegs as direkte karakterisering as dit van 'n gesaghebbende stem in die teks af kom. As ons die *direkte definisie* van die karakter van Galba deur die loop van die teks naspreek, neem hy soos volg gestalte aan:

Hoofstuk 5: ...*nec deerant sermones senium atque avaritiam Galbae increpantium* (...dit het nie aan praatjies ontbreek by diegene wat teen die bejaardheid en hebsug van Galba uitgevaar het nie)

Die konteks is belangrik. Hier gaan dit oor die gesindheid van soldate wat tot rebellie geneig was en die leser neem die inligting oor Galba nog nie ter harte nie.

severitas (strengheid)

Hoofstuk 7: *mobilitate ingenii* (sy onstandvastigheid of wispelturigheid)
inviso (gehaat)

Hoofstuk 12: *facilitas* (sy gemoedelikheid wat die gulsige begeertes van sy vriende geskerp het)

infirum et credulum (swak en liggelowig)

Hoofstuk 18: *parci senis* (vreklike ou man)

antiquus rigor (outydse onbuigsamheid)

nimia severitas (te groot strengheid)

Hoofstuk 35: *minantibus intrepidus* (onverskrokke teenoor die wat hom dreig)

adversus blandientes incorruptus (onkreukbaar teenoor die wat hom vlel)

Hoofstuk 49: *medium ingenium* (alledaagse karakter)

pecuniae alienae non adpetens, suae parcus, publicae avarus (nie gierig na die geld van ander nie, spaarsamig met sy eie, suinig met die van die staat)

amicorum libertorumque, ubi in bonos incidisset, sine reprehensione patiens, si mali forent, usque ad culpam ignarus (verdraagsaam en vriendelik teenoor vriende en vrygelatenes wanneer hy hulle eerlik gevind het; as hulle oneerlik was, was hy daarvoor laakbaar blind)

segnitia (traagheid)

Watter beeld van die keiser bou die leser dus op uit hierdie direkte karakteraanwysings? Sy karaktereienskappe staan in skrilte kontras met mekaar. Enersyds word die leser voorgestel aan 'n streng, onkreukbare, suinige militaris van die ou skool, en aan die ander kant, die onstandvastige, liggelowige, swakkeling keiser wat uitgebuit word deur vrygelatenes.

Word die indrukke wat deur *direkte beelding* geskep is, bevestig deur *indirekte voorstelling*?

By *indirekte voorstelling* word 'n karaktertrek nie soseer genoem as wat dit uitgebeeld en voorgestel word nie. Dit kan afgelei word uit die optrede van die karakter, waar ons weer kan onderskei tussen eenmalige optrede en gewoonte-handeling, en albei hierdie soort handelinge kan weer tuisgebring word onder een van die volgende kategorieë: positiewe optrede (kommissie), gebrek aan optrede (omissie) en beplande optrede van die karakter. So dui Galba se keuse van die streng, outydse Piso as sy opvolger, en sy ferm optrede

wanneer hy die begunstigdes onder Nero dagvaar en korrupte amptenare ontslaan (hoofstuk 20), op onkreukbaarheid, integriteit en sterkte van karakter. Hierdie indrukke word versterk deur die groot aansien wat hy op die slagveld geniet het (hoofstuk 49) en sy regverdige en gematigde bestuur van sy provinsies (hoofstuk 49). Ten spyte van slegte voortekens gaan hy onbevrees na die praetoriese kamp om die adopsie af te kondig (hoofstuk 18). Andersyds dui sy passiwiteit wanneer hy toelaat dat vrygelatenes die lakens uitdeel, op swakheid en liggelowigheid. Sy onstandvastigheid kom na vore as hy gesante wat die nuus van die adopsie aan die leërs bring, met *foeda inconstantia* (skandelijke besluiteloosheid) aanstel en weer verskoon (hoofstuk 19). As daar in 'n krisissituasie 'n besluit geneem moet word na die magsoorname deur Otho, kan Galba glad nie 'n beslissing maak nie: *Galbam duae sententiae distinebant* (twee standpunte het Galba in twee geskeur) (hoofstuk 32) en uiteindelik word hy heeltemal passief: *Consensu errantium victus, sella levaretur* (oorweldig deur die eenstemmigheid van die dwalendes is hy in 'n drastoel gelig). Die passiewe werkwoorde beklemtoon sy hulpeloosheid.

Dialog

'n Karakter se woorde hetsy in gesprek, hetsy as 'n aktiwiteit van sy verstand, kan 'n aanduiding wees van karaktertrekke, sowel deur die inhoud as deur die vorm. Die styl van 'n toespraak, waar dit afwyk van die verteller se styl, is 'n algemene wyse van karakterisering. Die sosiale stand kan openbaar word, sowel as individuele karaktertrekke.

Galba se gesprek met Piso (hoofstukke 15 en 16) illustreer sy edele motiewe en sy opregtheid. Wanneer hy die soldate toespreek na die adopsie word sy gebrek aan mensekennis en politieke insig openbaar. Daar is geen vleitaal nie, kort en bondig sê hy sy sê (hoofstuk 18). Galba is 'n militaris, geen politikus nie. Twee verdere uitsprake van Galba bevestig sy onkreukbaarheid. Pas nadat hy tot keiser uitgeroep is, laat weet hy dat hy nie soldate koop nie (hoofstuk 5). As 'n soldaat na die opstand van Otho valslik aan Galba berig dat hy sonder bevel van die keiser vir Otho om die lewe gebring het (hoofstuk 35), is Galba se enigste kommentaar: *Commilito, quis iussit?* (Kameraad, wie het jou beveel?)

Uitwendige voorkoms

Uitwendige voorkoms kom slegs ter sprake as dit 'n aanduiding van 'n karaktertrek is. In die geval van Galba is die uiterlike kenmerk wat by herhaling genoem word, die feit dat hy oud was. Daar is nie minder as elf verwysings na sy bejaardheid in die teks nie. Ouderdom is nie 'n karaktertrek nie, maar Tacitus noem dit telkens in samehang met eienskappe wat met ou mense geassosieer word, en versterk so hierdie indrukke. In hoofstuk 6 word byvoorbeeld na hom verwys as *invalidum senem* ('n swak ou man) wat deur

sy vrygelatenes geruïneer is. Sy *antiquus rigor* (outydse onversetlikheid) en die feit dat hy 'n suinige ou man was (hoofstuk 18) het sy ondergang beteken.

Omgewing

Omgewing verwys nie net na fisiese omgewing nie, maar ook na menslike omgewing, dit wil sê, verhouding tot ander karakters. By wie skaar hy hom? Galba se verbintenis met die veragtelike Laco, Vinius en Icelus gee aan hom 'n slegte reputasie en die leser vereenselwig hom met ander keisers wat onder die invloed van vrygelatenes en ander amptenare gewetenloos opgetree het.

Analogie

Deur analogie word 'n karaktereienskap, as dit reeds openbaar is deur optrede, spraak of voorkoms, versterk. Dit is suiwer tekstueel, onafhanklik van storie-oorsaaklikheid. 'n Voorbeeld hiervan sien ons in die analogie tussen twee karakters. As twee karakters in identiese omstandighede, dieselfde of kontrasterend optree, verklap dit iets van hul persoonlikhede. Galba se suinigheid en strengheid word by wyse van analogie bevestig. Die vrygewigheid van Otho staan in skrilte kontras met die suinigheid van Galba, en Galba se strengheid word beklemtoon deur die *licentia* onder Nero.

Indirekte voorstelling bevestig dus die hipotese wat die leser opgebou het uit verskeie direkte aanduidings in die teks. Maar hoe is die streng, onkreukbare aanvoerder Galba te versoen met die onbestendige, beïnvloedbare keiser? Hierdie toestand van "nie ten volle begryp" van die leser, word so lank as moontlik in stand gehou. Eers in hoofstuk 50, in Tacitus se slotopmerking oor Galba, word die anomalie verduidelik. 'n Moderne skrywer sou dit moontlik aan die leser oorgelaat het om die inligting uit die teks "uit te lees", maar Tacitus verduidelik eksplisiet: . . . *capax imperii, nisi imperasset*. . . (hy was bevoeg vir die heerskappy, as hy maar net nie regeer het nie). Galba het oor voortreflike eienskappe beskik om te heers, maar juis deur te heers het 'n negatiewe sy van sy persoonlikheid sigbaar geword. Die prinsipaat het die persoonlikheid van 'n keiser laat verander.

Hierdie teks is nog lank nie "uitgelees" nie, maar ek hoop dat hierdie beperkte analise sal toon dat 'n narratologiese lees van die teks wel nuwe insigte in die werk van klassieke geskiedskrywers kan bring, en veral nuwe waardering sal gee vir die literêre meriete van hul werk.

Aantekeninge

1. Volgens Winkler (1985), Culler (1981), De Jong (1987), Benjamin (1988), Kotzé (1990), Cameron (1989). Die tydskrif *Arethusa* het vanaf sy eerste uitgawe artikels oor literêre teorie gepubliseer.
2. Oor die polemieë tussen tradisionele filoloë en aanhangers van moderne literêre teorie vergelyk Kennedy (1989), Phillips (1989), Segal (1968), Smith (1990).
3. Sommige kommentatore is van mening dat die dood van Nero in Junie 68 'n meer geskikte beginpunt sou gewees het (Syme 1958: 145, Woodman 1988: 164 e.v.).

Verwysings

- Bal, M.
1980 *De teorie van vertellen en verhalen*. Tweede uitgawe. Muiderberg: Coutinho.
- Benjamin, A.
1988 *Poststructuralist Classics*. Warwick Studies in Philosophy and Literature. London.
- Brink, A.P.
1987 *Vertelkunde*. Pretoria: Academia.
- Cameron, A.
1989 *History as Text*. London: Duckworth.
- Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C.
1985 *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: Haum.
- Conradie, P.J.
1988 Redakteurswoord. *Akroterion*, Junie/September
- Du Plooy, H.
1986 *Verhaalteorie in die twintigste eeu*. Durban: Butterworths.
1991 Die kreatiewe gebruik van die narratologie in die literatuuronderrig. *JLS/TLW* 7(3/4).
- Heubner, H.
1935 *Studien zur Darstellungskunst des Tacitus Hist. I 12-II 51*. Diss. Leipzig.
- Kennedy, G.A.
1989 Ancient Antecedents of Modern Literary Theory. *American Journal of Philology* 110: 492–498. The Johns Hopkins University Press.
- Kotzè, A.
1990 *Tacitus se annales I. 1–15. 'n Vertelkundige analise*. M.A.-verhandeling: Universiteit van Stellenbosch.
- Lubbock, P.
1963 *The Craft of Fiction*. New York: Viking Press.
- Moore, C.H.
1925 Tacitus. The Histories. *The Loeb Classical Library*. London: Heineman.
- Phillips, C. Robert
1989 Classical Scholarship Against its History. *American Journal of Philology* 110: 636–657. The Johns Hopkins University Press.
- Rimmon-Kenan, S.
1983 *Narrative Fiction: Contemporary Poetics*. London: Methuen.
- Segal, Charles
1968 Ancient Texts and Modern Criticism, Some Recent Trends in Classical Literary Studies. *Arethusa* I: 1–25.
- Smith, O.L.
1990 A New Introduction into classical scholarship. *Philologus* 134: 290–293.
- Syme, R.
1958 *Tacitus, 2 Vols*. Oxford: Clarendon Press.
1970 *Ten Studies in Tacitus*. Oxford: Clarendon Press.

- Williams, B.
1990 Reading Tacitus' Tiberian Annals. In: Boyle A.J. (ed.) *The Imperial Muse: Ramus Essays on Roman Literature of the Empire*. Bendigo, Victoria: Aureal.
- Winkler, J.J.
1985 *Auctor and Actor: A Narratological Reading of Apuleius "The Golden Ass"*. Berkeley: University of California Press.
- Woodman, A.J.
1988 *Rhetoric in Classical Historiography*. London: Croom Helm.